# NAGEGANE SAAMGEVATTE GEKONSOLIDEERDE TUSSENTYDSE RESULTATE

## VIR DIE SES MAANDE GEËINDIG 31 AUGUSTUS 2009

Stefanutti Stocks

**STEFANUTTI STOCKS HOLDINGS LIMITED**
("Stefanutti Stocks" of "die maatskappy" of "die groep")
(Registrasienommer 1996/003767/06)
Aandeelkode: SSK    ISIN: ZAE000123766

- **Inkomste** ↑ 56%
- **Bedryfswins** ↑ 46%
- **Wesensverdienste** ↑ 48%
- **Verwaterde WVPA** ↑ 22%
- **Kontant voorhande R1,3 miljard**
- **Tussentydse dividend van 25 sent per aandeel**

### STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE

| | %-toename | **Nagegaan ses maande geëindig 31 Augustus 2009 R'000** | Nagegaan ses maande geëindig 31 Augustus 2008 R'000 | Geouditeer 12 maande geëindig 28 Februarie 2009 R'000 |
|---|---|---|---|---|
| **Inkomste** | 56 | **4 000 106** | 2 570 080 | 6 316 570 |
| Kontrakinkomste | 55 | **3 936 682** | 2 536 374 | 6 212 899 |
| Kontrakkoste | | **(3 396 778)** | (2 145 486) | (5 266 004) |
| Kontrak bruto wins | | **539 904** | 390 888 | 946 895 |
| Ander inkomste | | **21 580** | 1 998 | 20 784 |
| Bedryfskoste | | **(240 698)** | (172 932) | (435 841) |
| Verdienste voor rente, belasting, waardevermindering en amortisering (VVRBWA) | 46 | **320 786** | 219 954 | 531 838 |
| Waardevermindering | | **(56 485)** | (40 905) | (100 896) |
| Amortisering van ontasbare bates | | **(7 175)** | (2 770) | (38 751) |
| Bedryfswins | 46 | **257 126** | 176 279 | 392 191 |
| Beleggingsinkomste | | **44 695** | 34 309 | 74 879 |
| Finansieringskoste | | **(16 574)** | (11 905) | (30 535) |
| Aandeel van winste/(verliese) van geassosieerde maatskappy | | **138** | 729 | (703) |
| **Wins voor belasting** | | **285 385** | 199 412 | 435 832 |
| Belasting | | **(87 306)** | (56 750) | (116 414) |
| **Wins vir die tydperk** | | **198 079** | 142 662 | 319 418 |
| **Ander omvattende inkomste** | | **(44 446)** | 1 702 | 44 724 |
| Wisselkoersverskille met omskakeling van buitelandse bedrywighede | | **(44 446)** | 1 702 | 42 743 |
| Winste op eiendomsherwaardasie | | **–** | – | 1 981 |
| Inkomstebelasting met betrekking tot komponente van ander omvattende inkomste | | **–** | – | (555) |
| **Totale omvattende inkomste vir die tydperk** | | **153 633** | 144 364 | 363 587 |
| **Wins toeskryfbaar aan:** | | | | |
| Ekwiteitshouers van die maatskappy | 50 | **196 304** | 131 043 | 297 525 |
| Minderheidsaandeelhouers | | **1 775** | 11 619 | 21 893 |
| | 39 | **198 079** | 142 662 | 319 418 |
| **Totale omvattende inkomste toeskryfbaar aan:** | | | | |
| Ekwiteitshouers van die maatskappy | | **151 858** | 132 745 | 341 694 |
| Minderheidsaandeelhouers | | **1 775** | 11 619 | 21 893 |
| | | **153 633** | 144 364 | 363 587 |
| Verdienste per aandeel (sent) | | **111,94** | 89,77 | 184,27 |
| Verwaterde verdienste per aandeel (sent) | | **104,37** | 84,46 | 173,56 |
| **Kommentaar by die staat van omvattende inkomste** | | | | |
| **Wesensverdienste-rekonsiliasie** | | | | |
| Wins na belasting toeskryfbaar aan ekwiteitshouers van die maatskappy | | **196 304** | 131 043 | 297 525 |
| Aangepas vir: | | | | |
| Wins op winskoop-koop | | **(1 154)** | – | – |
| (Wins)/verlies met verkoop van masjinerie en toerusting | | **(273)** | 1 292 | 2 423 |
| Belastinguitwerking van aanpassings | | **76** | (362) | (678) |
| Totale minderheidsbelange van aanpassings | | **4** | 29 | (3) |
| **Wesensverdienste** | 48 | **194 957** | 132 002 | 299 267 |
| **Genormaliseerde wesensverdienste-rekonsiliasie** | | | | |
| Wesensverdienste | | **194 957** | 132 002 | 299 267 |
| Aangepas vir: | | | | |
| Amortisering van ontasbare bates | | **7 175** | 2 770 | 38 751 |
| Belastinguitwerking van aanpassings | | **(1 933)** | (775) | (10 849) |
| Totale minderheidsbelang van aanpassings | | **(81)** | (257) | – |
| **Genormaliseerde wesensverdienste** | 50 | **200 118** | 133 740 | 327 169 |
| Gemiddelde getal geweegde uitgereikte aandele | | **175 369 440** | 145 980 140 | 161 464 960 |
| Gemiddelde getal verwaterde geweegde uitgereikte aandele | | **188 080 746** | 155 159 576 | 171,428,947 |
| Verdienste per aandeel (sent) | 25 | **111,94** | 89,77 | 184,27 |
| Verwaterde verdienste per aandeel (sent) | 24 | **104,37** | 84,46 | 173,56 |
| Wesensverdienste per aandeel (sent) | 23 | **111,17** | 90,42 | 185,35 |
| Verwaterde wesensverdienste per aandeel (sent) | 22 | **103,66** | 85,08 | 174,57 |
| Genormaliseerde wesensverdienste per aandeel (sent) | 25 | **114,11** | 91,62 | 202,63 |
| Verwaterde genormaliseerde wesensverdienste per aandeel (sent) | 23 | **106,40** | 86,20 | 190,85 |

### STAAT VAN FINANSIËLE POSISIE

| | **Nagegaan op 31 Augustus 2009 R'000** | Nagegaan op 31 Augustus 2008 R'000 | Geouditeer op 28 Februarie 2009 R'000 |
|---|---|---|---|
| **BATES** | | | |
| **Nie-bedryfsbates** | **2 034 170** | 1 926 956 | 2 000 566 |
| Eiendom, masjinerie en toerusting | **800 013** | 703 926 | 763 246 |
| Klandisiewaarde en ontasbare bates | **1 157 426** | 1 183 115 | 1 161 544 |
| Belegging in assosiate | **17 451** | 15 097 | 15 795 |
| Langtermynlening ontvangbaar | **–** | 964 | – |
| Uitgestelde belasting | **59 280** | 23 854 | 59 981 |
| **Bedryfsbates** | **3 127 775** | 2 444 951 | 3 023 474 |
| Banksaldo's | **1 330 068** | 873 418 | 1 381 314 |
| Ander bedryfsbates | **1 791 708** | 1 570 431 | 1 639 654 |
| Belasting | **5 999** | 1 102 | 2 506 |
| **Totale bates** | **5 161 945** | 4 371 907 | 5 024 040 |
| **EKWITEIT EN LASTE** | | | |
| Kapitaal en reserwes | **1 584 756** | 1 441 185 | 1 613 258 |
| Gewone aandeelhouersbelang | **1 565 818** | 1 405 012 | 1 574 049 |
| Minderheidsaandeelhoursbelang | **18 938** | 36 173 | 39 209 |
| **Nie-bedryfslaste** | **205 376** | 223 836 | 227 107 |
| Rentedraende laste | **126 976** | 187 940 | 160 953 |
| Uitgestelde belasting | **78 400** | 35 896 | 66 154 |
| **Bedryfslaste** | **3 371 813** | 2 706 886 | 3 183 675 |
| Bankoortrekking | **1 270** | 6 018 | 47 437 |
| Ander bedryfslaste | **1 949 104** | 1 824 179 | 1 870 555 |
| Voorsienings | **1 308 706** | 770 647 | 1 172 207 |
| Belasting | **112 733** | 106 042 | 93 476 |
| **Totale ekwiteit en laste** | **5 161 945** | 4 371 907 | 5 024 040 |
| **Kommentaar by die finansiële posisie** | | | |
| Totale getal netto uitgereikte aandele | **174 558 683** | 177 912 105 | 175 859 983 |
| Totale getal uitgereikte aandele | **188 080 746** | 188 080 746 | 188 080 746 |
| Netto batewaarde per gewone aandeel (sent) | **897,01** | 789,72 | 895,06 |
| Netto tasbare batewaarde per gewone aandeel (sent) | **233,96** | 124,72 | 234,56 |
| Verwaterde netto batewaarde per gewone aandeel (sent) | **832,52** | 747,03 | 836,90 |
| Verwaterde netto tasbare batewaarde per gewone aandeel (sent) | **217,14** | 117,98 | 219,32 |

### KONTANTVLOEISTAAT

| | **Nagegaan ses maande geëindig 31 Augustus 2009 R'000** | Nagegaan ses maande geëindig 31 Augustus 2008 R'000 | Geouditeer 12 maande geëindig 28 Februarie 2009 R'000 |
|---|---|---|---|
| Kontant gegenereer uit bedrywighede | **386 146** | 425 932 | 1 142 717 |
| Rente ontvang | **44 695** | 34 309 | 74 879 |
| Finansieringskoste | **(16 574)** | (11 905) | (30 535) |
| Dividende (betaal)/ontvang | **(116 445)** | (1 487) | 23 |
| Belasting betaal | **(46 605)** | (45 604) | (152 980) |
| Sekondêre belasting op maatskappye betaal | **(11 987)** | (64) | (1 064) |
| **Kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite** | **239 230** | 401 181 | 1 033 040 |
| Uitgawe om bedryfsvermoë te handhaaf | **(55 278)** | (233 575) | (343 187) |
| Uitgawe vir uitbreiding | **(110 784)** | (87 577) | (121 564) |
| **Kontantvloei uit beleggingsaktiwiteite** | **(166 062)** | (321 152) | (464 751) |
| **Kontantvloei uit finansieringsaktiwiteite** | **(33 032)** | 124 388 | 65 995 |
| **Netto toename in kontant vir tydperk** | **40 136** | 204 417 | 634 284 |
| Uitwerking van wisselkoersveranderinge op kontant en kontantekwivalente | **(45 215)** | – | 36 610 |
| Kontant aan begin van tydperk | **1 333 877** | 662 983 | 662 983 |
| **Netto kontant aan einde van tydperk** | **1 328 798** | 867 400 | 1 333 877 |

### SEGMENTINLIGTING

| R'000 | Strukture | Bouwerke | Paaie & Grondwerke | Rekonsiliasie van segmente | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|
| **31 Augustus 2009** | | | | | |
| Inkomste | **1 262 598** | **1 887 529** | **576 481** | **273 498** | **4 000 106** |
| Tussensegment-kontrakinkomste | **23 379** | **–** | **24 011** | **33 682** | **81 072** |
| Rapporteerbare segmentwins | **77 502** | **66 778** | **52 071** | **1 728** | **198 079** |
| 31 Augustus 2008 | | | | | |
| Inkomste | 1 028 775 | 824 184 | 341 435 | 375 686 | 2 570 080 |
| Tussensegment-kontrakinkomste | 23 679 | 3 196 | 51 741 | – | 78 616 |
| Rapporteerbare segmentwins | 61 727 | 20 018 | 40 088 | 20 829 | 142 662 |
| 28 Februarie 2009 | | | | | |
| Inkomste | 2 108 313 | 2 783 972 | 764 258 | 660 027 | 6 316 570 |
| Tussensegment-kontrakinkomste | 75 023 | 3 303 | 84 297 | 14 130 | 176 753 |
| Rapporteerbare segmentwins | 118 800 | 103 217 | 85 329 | 12 072 | 319 418 |

**united in bridging your expectations**

### STAAT VAN VERANDERINGE IN EKWITEIT

| R'000 | Uitgereikte kapitaal en premie | Aandele-gebaseerde betalings | Valuta-omskakelings-reserwe | Herwaardasie-verdienste | Behoue verdienste | Gewone aandeelhouers-belang | Minderheids-aandeelhouers-belang | Kapitaal en reserwes |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Saldo op 1 Maart 2008 geouditeer** | 424 365 | 10 905 | (113) | 3 571 | 151 954 | 590 682 | 25 091 | 615 773 |
| Premie met uitreiking van gewone aandele | 675 323 | – | – | – | – | 675 323 | – | 675 323 |
| Werknemersaandeleopsies | – | 10 217 | – | – | – | 10 217 | – | 10 217 |
| Totale omvattende inkomste | – | – | 1 702 | – | 131 043 | 132 745 | 11 619 | 144 364 |
| Dividende betaal deur filiaal aan buite-aandeelhouers | – | – | – | – | (1 487) | (1 487) | – | (1 487) |
| Minderheidsbelang verkry | – | – | – | – | (2 468) | (2 468) | (3 529) | (5 997) |
| Aanpassing as gevolg van PPA-finalisering | – | – | – | – | – | – | 2 992 | 2 992 |
| **Saldo op 31 Augustus 2008 nagegaan** | 1 099 688 | 21 122 | 1 589 | 3 571 | 279 042 | 1 405 012 | 36 173 | 1 441 185 |
| Uitwerking van konsolidasie van die trusts en tesourie-aandele | (19 839) | – | – | – | – | (19 839) | – | (19 839) |
| Werknemersaandeleopsies | – | 10 901 | – | – | – | 10 901 | – | 10 901 |
| Totale omvattende inkomste | – | – | 41 041 | 1 426 | 166 482 | 208 949 | 10 274 | 219 223 |
| Realisering van aandelegebaseerde betalingsreserwe | – | (446) | – | – | 446 | – | – | – |
| Aflossing van aandele | – | – | – | – | (12 163) | (12 163) | – | (12 163) |
| Vereffening van Aandeletrustbeleggings | – | – | – | – | 13 815 | 13 815 | – | 13 815 |
| Minderheidsbelang verkry | – | – | – | – | (8 774) | (8 774) | (7 238) | (16 012) |
| Uitwerking van konsolidasie van die Stocks and Housing Share Incentive Trust | (23 852) | – | – | – | – | (23 852) | – | (23 852) |
| **Saldo op 28 Februarie 2009 geouditeer** | 1 055 997 | 31 577 | 42 630 | 4 997 | 438 848 | 1 574 049 | 39 209 | 1 613 258 |
| Uitwerking van konsolidasie van die trusts en tesourie-aandele | (14 077) | – | – | – | – | (14 077) | – | (14 077) |
| Werknemersaandeleopsies | – | 9 457 | – | – | – | 9 457 | – | 9 457 |
| Totale omvattende inkomste | – | – | (44 446) | – | 196 304 | 151 858 | 1 775 | 153 633 |
| Minderheidsbelang verkry | – | – | – | – | (39 017) | (39 017) | (21 865) | (60 882) |
| Dividende betaal | – | – | – | – | (116 452) | (116 452) | (181) | (116 633) |
| **Saldo op 31 Augustus 2009 nagegaan** | **1 041 920** | **41 034** | **(1 816)** | **4 997** | **479 683** | **1 565 818** | **18 938** | **1 584 756** |

**Direkteure:** B Stefanutti *(Uitvoerende Voorsitter)*; W Meyburgh *(Uitvoerende Hoof)*; D Quinn† *(Finansiële Direkteur)*; S Pell; N Canca*; K Eborall*; H Mashaba*
M Mkwanazi*; B Sithole*; J Fizelle*† (plaasvervanger vir B Sithole)
**Nie-uitvoerende direkteur    †Iers*

**Geregistreerde kantoor:** Protec Park, h/v Zuurfontein- en Oranjerivierrylane, Kempton Park, 1619 (Posbus 12394, Aston Manor, 1630)

**Ouditeure:** Mazars Moores Rowland, St Davids Place 5, Parktown, 2193, (Posbus 6697, Johannesburg, 2000)

**Borg:** Bridge Capital Advisors (Pty) Limited, 2de Verdieping, Frickerweg 27, Illovo Boulevard, Illovo, 2196 (Posbus 651010, Benmore, 2010)

**Oordragsekretarisse:** Computershare Investor Services (Pty) Limited, Marshallstraat 70, Johannesburg, 2001 (Posbus 61051, Marshalltown, 2107)

**Maatskappysekretaris:** W Somerville, Lurganweg 20, Parkview, 2193

### KOMMENTAAR

**Inleiding**
Dit is vir die direkteure aangenaam om die nagegane saamgevatte gekonsolideerde tussentydse resultate vir die ses maande geëindig 31 Augustus 2009 ("die tydperk"), wat die groep se volgehoue sterk groei weerspieël, aan te bied. Die integrering van onlangse verkrygings vorder goed en sinergieë begin om in skaalbesparings weerspieël te word, waardeur die groep as 'n groot mededinger in die eerstevlak-konstruksiesektor verskans word. Voorts word Stefanutti Stocks se omvattende handelsnaam-herbenamingstrategie, wat in 2008 onderneem is, steeds ontplooi om 'n enkele, samehangende handelsnaam vir die groep te verseker.

**Opstellingsbasis**
Die nagegane saamgevatte gekonsolideerde tussentydse resultate vir die tydperk ("die nagegane resultate") is ooreenkomstig IAS 34: *Tussentydse Finansiële Rapportering* opgestel en voldoen aan die Suid-Afrikaanse Maatskappywet, 1973, soos gewysig. Die nagegane resultate word op die historiesekoste-basis opgestel, met die uitsondering van sekere finansiële instrumente en eiendomme wat teen billike waarde gemeet word. Die rekeningkundige beleide en metings- en erkenningsmetodes wat by die opstelling van die nagegane resultate toegepas word, stem ooreen met dié wat in die groep se geouditeerde finansiële jaarstate vir die jaar geëindig 28 Februarie 2009 toegepas is, met die uitsondering van die toepassing van IFRS 8: Bedryfsegmente en IAS 1: *Aanbieding van Finansiële State – Hersien*.

IFRS 8 vervang IAS 14: *Segmentele Rapportering* en vereis dat 'n entiteit 'n "bestuursbenadering" toepas op die rapportering van die finansiële prestasie van sy segmente. In ooreenstemming met die vereistes van IFRS 8 word die segmentele rapportering nou opgestel op die basis van die besigheidseenhede soos intern deur die bestuur gerapporteer. Die groep het aan die hersiene benamingsgebruike soos deur IAS 1 vereis, voldoen en rapporteer een Staat van Omvattende Inkomste. Ooreenkomstig IAS1 word sekere items wat in die Staat van Veranderinge in Ekwiteit gerapporteer is nou in die Staat van Omvattende Inkomste gerapporteer.

Die opstelling van die nagegane resultate vereis die gebruik van vooruitskattings en veronderstellings wat die waardes van bates en laste op die verslagdatum beïnvloed, sowel as die bepaling van inkomste en uitgawes gedurende die verslagtydperke. Hoewel hierdie vooruitskattings berus op die bestuur se beste kennis van huidige gebeure en stappe wat die groep in die toekoms mag doen, kan werklike resultate verskil van dié vooruitskattings.

**Nagaan deur ouditeure**
Die nagegane saamgevatte gekonsolideerde tussentydse resultate vir die tydperk is deur die groep se ouditeure, Mazars Moores Rowland, nagegaan. Hulle ongekwalifiseerde nagaanmening is by die maatskappy se geregistreerde kantoor ter insae beskikbaar.

**Groepprofiel**
Stefanutti Stocks is regdeur Suid-Afrika, Suider-Afrika en die Midde-Ooste in bedryf, met kundigheid wat betonstrukture, rehabilitasie- en marienekonstruksie, heipale en geotegniese dienste, paaie en grondwerke, mynresidu-wegdoeningsfasiliteite (hoofsaaklik uitskotdamme), dagsoomkontrakmynbou, bouwerke en die konstruksie van meganiese, elektriese en kraglyntransmissie en -verspreiding omvat. Die groep het ook gevestigde vaardighede om op 'n openbare-privaat-vennootskap ("OPV")-basis aan projekte deel te neem.

**Oorsig van bedrywighede**

*Strukture*
Die Strukture-besigheidseenheid omvat die groep se sivielestruktuur-, geotegniese en marienevermoëns.

Strukture het 'n sterk prestasie vir die tydperk gelewer, wat dié Besigheidseenheid op koers plaas om teikens vir die volle jaar te bereik ten spyte van 'n aansienlike afname in die getal beskikbare tenders en gevolglike druk op marges. Daar word verwag dat dit in die jaar wat voorlê 'n uitdaging sal blyk.

Die R21-brugprojek naby Pretoria wat inkrementeel geloods is, is met sukses voltooi. Na aanvanklike vertragings vorder die Kusile-kragstasieprojek goed. Om die algemeen dalende vraag in die plaaslike konstruksiemark teen te werk, is Strukture besig met die evaluering van oorgrensgeleenthede, en sy geotegniese bedrywighede in Mosambiek, Botswana en Angola is reeds verder uitgebrei. Gedurende die tydperk het die Besigheidseenheid 'n kontrak vir die volgende fase van die Ben Schoeman-dok in 'n gesamentlike onderneming ontvang en 'n belowende opswaai in tenders in die marienesektor gesien.

*Bouwerke*
Die Bouwerke-besigheidseenheid is regdeur Suid-Afrika en Suider-Afrika in bedryf en bied die volledige boukonstruksiebestek, van kommersieel en industrieel tot residensieel en ontspanning.

Marktoestande het gedurende die tydperk moeilik gebly en goedgekeurde bouplanne in alle streke toon 'n daling. Die uitreiking van minder tenders oor die algemeen het tot verskerpte mededinging en laer marges gelei. Nieteenstaande hierdie faktore het die Besigheidseenheid goed gepresteer gedurende die tydperk en is op koers om die begroting vir die volle jaar tot Februarie 2010 te haal. Die strategie om geografies uit te brei, het stukrag aan groei verleen en gehelp om bestelboekvlakke te handhaaf. Die Behuisingsbedrywigheid deurstaan 'n moeilike klimaat suksesvol hoewel die stadige toekenning van projekte en die kredietkrisis voorkom dat nuwe behuisingsontwikkelings ontplooi word. Die bedrywigheid se totale bestelboek vir Februarie 2011 is feitlik vol en hy is goed geposisioneer om diens te lewer aan groot kliënte wat aanduidings van nuwe projekte in die komende jaar gegee het.

*Paaie & Grondwerke*
Paaie & Grondwerke is betrokke by die bou van paaie, massagrondwerke, opvullingsterreine, gholfbaanontwikkelings, terrasse vir nuwe ontwikkelings en munisipale dienste regdeur Suid-Afrika en ook in Mosambiek en Swaziland.

Die Besigheidseenheid is vol vertroue dat sy groeiteikens vir die jaar eindigende Februarie 2010 bereik sal word. Die strategie om SANRAL-projekte te bekom, blyk suksesvol te wees, met 'n verdere twee projekte wat gedurende die tydperk toegeken is. Ander groot projekte wat onlangs voltooi is of voltooiing nader, sluit die Optimum-waterherwinningsprojek, die Rea Vaya Bus Rapid Transport-kontrak en die gesamentlike onderneming vir die Sikhupe Swazilandse Lughawe in.

*Meganies, Elektries & Krag ("MEK")*
Hierdie Besigheidseenheid verskaf meganiese, elektriese en instrumentasiekonstruksiewerk in die industriële, myn-, vervaardigings- en petrochemiese sektor regdeur Suider-Afrika.

MEK-kontrakte vorder oor die algemeen goed en nuwe markte word aktief ondersoek. As gevolg van die wêreldwye finansiële krisis was daar egter 'n aantal kontrakkansellerings, hoofsaaklik in die mynbedryf, wat die Besigheidseenheid ongunstig beïnvloed het. Dit het tot meer aggressiewe diversifisering en uitbreiding van die kliëntebasis gelei. Twee nuwe afdelings – Kragtransmissie en -verspreiding – word tans gevestig om op die konstruksie van oorhoofse hoogspanningslyne, substasies en elektrifiseringsinfrastruktuur in Suid-Afrika en oorgrensmarkte te fokus.

*Myndienste*
Die Besigheidseenheid spesialiseer in mynresidu-wegdoeningsfasiliteite (hoofsaaklik uitskotdamme) en dagsoomkontrakmynbou regdeur Suid-Afrika.

Die daling in kommoditeitepryse en die inkorting van mynuitbreidingsplanne het veroorsaak dat die Besigheidsafdeling alternatiewe markte vir groei gesoek het. Myndienste is tans betrokke by 'n aantal Ontwerp- en Konstruksieprojekte in die goud-, uraan-, ystererts- en steenkoolsektor en het onlangs 'n aantal nuwe kontrakte ontvang. Die Besigheidseenheid het ook sy betrokkenheid by bestaande projekte, byvoorbeeld die Nkomatimyn-nikkelkontrak, suksesvol verleng. Gedurende die tydperk is Waste Energy Recovery and Management (Pty) Limited ("WERM") deur Myndienste verkry om sy vermoë in die steenkoolmynsektor uit te brei (sien "Verkrygings" hieronder). Die Besigheidseenheid beplan ook om bykomende hulpbronne te verkry om dagsoommynbougeleenthede te benut.

*Konsessies*
Hierdie Besigheidseenheid verkry kontrakte deur eiendomsontwikkeling en vennootskappe met die regering vir die verskaffing van fasiliteite of dienste deur middel van konsessiekontrakte (OPVs) te fasiliteer. Dienste wat in die Besigheidseenheid beskikbaar is, sluit fasiliteitebestuur, instandhouding en projekbefondsingsbystand in.

Gedurende die tydperk het Konsessies die nuwe kantore vir die Suider-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap in Gaborone voltooi. 'n Groeiende getal OPV-geleenthede is geïdentifiseer en die Besigheidseenheid ondersoek vennootskappe vir tolpaaie en munisipale infrastruktuurprojekte. Die hele groep trek die grootste moontlike voordeel uit Konsessies se vermoëns, wat na verwagting positiewe mediumtermynvooruitsigte, veral in die myn- en MEK-sektor, sal bied.

*Internasionaal*
Met die voortgesette afswaai in Dubai, wat ekonomies hard getref is, het die groep in Abu Dhabi en Bahrein gevestig en daar word beoog om na Qatar en Oman uit te brei. Gedurende die tydperk is daar besluit om algemene konstruksiebedrywighede in die streek te vestig om gereed te maak vir 'n opswaai in die mark. Mediumtermynvooruitsigte dui op 'n volhoubare prestasie alhoewel geen beduidende groei tot ná Februarie 2011 voorspel word nie.

**Verkrygings**
Die maatskappy het 100% van die besigheidsbedrywighede van WERM effektief 3 Augustus 2009 verkry. Ooreenkomstig IFRS 3: *Besigheidskombinasies* is die koopprystoewysing afgehandel.

| | **WERM** |
|---|---|
| Verkrygingsdatum | **3 Augustus 2009** |
| Stemdraende ekwiteit % | **100** |
| Getal aandele uitgereik | **–** |
| **Teen verkrygingswaardes** | **R'000** |
| Nie-bedryfsbates verkry | **30 890** |
| Bedryfsbates | **–** |
| Nie-bedryfslaste aangeneem | **(26 845)** |
| Bedryfslaste aangeneem | **(4 045)** |
| **Netto batewaarde** | **–** |
| Koste van verkryging | **–** |
| Ontasbare bates voortspruitend uit verkryging | **–** |
| Klandisiewaarde voortspruitend uit verkryging | **–** |
| Kontant betaal | **–** |
| Inkomste vir die tydperk 3 Augustus 2009 tot 31 Augustus 2009 | **2 606** |
| Verlies na belasting vir die tydperk 3 Augustus 2009 tot 31 Augustus 2009 | **(678)** |
| Verlies na belasting sedert verkryging | **(678)** |

Inkomste en verliese van WERM word vanaf die verkrygingsdatum gerapporteer. Dit is onprakties om vanaf 1 Maart 2009 te rapporteer omdat nie al die besigheidsbedrywighede toe verkry is nie.

In ooreenstemming met huidige strategie het die groep die oorblywende minderheidsbelange in Stefanutti Stocks Building W Cape (Pty) Limited (voorheen Stefanutti & Bressan Building Western Cape (Pty) Limited) en Civil & Coastal Construction (Pty) Limited verkry. Verdere verkrygings van minderheidsbelange in filiale word oorweeg.

Vorigejaar-verkrygings is in die mees onlangse geouditeerde finansiële jaarstate geopenbaar.

**Finansiële resultate**
Inkomste vir die tydperk het met 56% tot R4,0 miljard (2008: R2,6 miljard) gestyg. Bedryfswins was 46% hoër op R257,1 miljoen (2008: R176,3 miljoen) terwyl netto wins na belasting met 39% tot R198,1 miljoen (2008: R142,7 miljoen) gestyg het. Verdienste per aandeel het met 25% tot 111,94 sent (2008: 89,77 sent) gegroei. Wesensverdienste van R195,0 miljoen vir die tydperk het neerslag gevind in wesensverdienste per aandeel ("WVPA") van 111,17 sent (2008: 90,42 sent). 'n Aandelegebaseerde aansporingskema-uitgawe van R9,5 miljoen (2008: R10,2 miljoen) soos vereis deur IFRS 2: *Aandelegebaseerde betalings* en amortiseringskoste van R7,2 miljoen (2008: R2,8 miljoen) word in verdienste vir die tydperk ingesluit. Genormaliseerde WVPA, wat amortiseringskoste uitsluit, is gelyk aan 114,11 sent (2008: 91,62 sent).

**Vooruitsigte**
Daar word verwag dat die volgende ses maande moeilik sal bly as gevolg van voortgesette projekbefondsingsbeperkings en laer tendermarges. Daar word geraam dat dit in die finansiële jaar 2011 baie moeiliker as tevore sal wees om nuwe kontrakte te bekom. Stefanutti Stocks is egter sterk geposisioneer om by infrastruktuurbesteding en verwagte groei in die kragontwikkelings- en mynsektor te baat.

Die groep meen daar bestaan veral geleenthede in die munisipaledienste-omgewing, insluitende afvalbestuur, sanitasie en watersuiwering sowel as op die gebied van pyplyn- en spoorkonstruksie en hernubare energie. Die volgende fase van die Gauteng-deurpadverbeteringsprojek van ongeveer R23 miljard behoort in 2012 te begin en die groep verwag om daaraan deel te neem.

OPVs behoort 'n geleentheid vir verdere groei te bied. Stefanutti Stocks sal ook die nuwe Kragtransmissie- en Verspreidingsafdelings wil uitbrei.

Geografiese uitbreiding bly 'n fokus, met klem op die ondersteuning van die groep se konstruksiebedrywighede regdeur Afrika en in die Midde-Ooste.

Alle Besigheidseenhede het oor die algemeen 'n beleid van aggressiewe bemarking toegepas en is op die uitkyk na moontlike verkrygings.

Stefanutti Stocks se bestelboek het aan die einde van die tydperk op R6,6 miljard gestaan.

**Dividendverklaring**
Kennis geskied hiermee dat, in ooreenstemming met die maatskappy se dividendbeleid, 'n tussentydse dividend van 25,0 sent per aandeel (2008: Nul) ten opsigte van die tydperk op 10 November 2009 verklaar is en betaalbaar is aan alle aandeelhouers wat op Vrydag, 11 Desember 2009, die rekorddatum, in die register opgeteken is. Die laaste dag vir verhandeling met dividend sal Vrydag, 4 Desember 2009 wees en die aandele sal vanaf Maandag, 7 Desember 2009 sonder dividend verhandel. Die dividend sal op Maandag, 14 Desember 2009 betaal word. Aandelesertifikate mag van Maandag, 7 Desember 2009 tot en met Vrydag, 11 Desember 2009 nie gedematerialiseer of hermaterialiseer word nie. Daar word verwag dat sekondêre belasting R4,7 miljoen sal bedra.

**Dankbetuiging**
Ons besef dat die groep se voortgesette sukses grootliks te danke is aan ons bestuur en werknemers en ons bedank hulle. Ons verwelkom ook die nuwe werknemers wat hulle by die groep aangesluit het en sien daarna uit om saam te werk. Laastens betuig ons ons waardering teenoor ons mededirekteure vir hulle wyse raad en ons bedank ons besigheidsvennote, adviseurs en belanghebbers vir hulle lojale ondersteuning.

Namens die direksie

**Gino Stefanutti**
*Uitvoerende Voorsitter*

**Willie Meyburgh**
*Uitvoerende Hoof*

11 November 2009